

18 April

Skrifgedeelte: Psalm 5 en 6

God help, want Hy is getrou

Wanneer 'n mens hierdie twee Psalms saam lees, hoor mens 'n smeekroep: "...help my om U wil te doen" (5:9). Die Here moet hom tog oor die digter ontferm, want as hy doodgaan kan hy God tog nie prys nie (6:6). Daar is by Dawid 'n heilige eerbied vir God. Hy duld nie onreg nie. Daarom bid hy met eerbied en ontsag dat God hom tog moet leer om reg te doen. In vers 3 praat die digter van sy hulpgeroep wat die Here tog moet hoor, maar teen die einde van die Psalm verander dit in 'n jubellied. Hy roem in die goedheid van God wat sy kinders beskerm soos 'n skild. God omvou as't ware sy kinders met sy liefde.

Psalm 6 is ook 'n gebed om hulp. Dawid verkeer in die uiterste ellende en daarom kla hy. Hy kwyn weg. Hy is uitgeteer. Dit is nog net die ontferming van God wat hom kan help. Hy roep om hulp en die grond van sy gebed sê alles: "...want U is getrou". As hy God se getrouheid bely, is dit nie maar leë woorde nie. In vers 9 en 10 bevestig hy hoedat God hom gehelp het. Die Here het ag geslaan op sy geroep, na hom geluister en sy gebed aangeneem.

Die grond van ons gebede is altyd die getrouheid van God. Die genadeverbond bestaan uit 'n belofte van God: *Ek sal jou God en die God van jou kinders wees*. Deur die geloof in Jesus Christus het ons ook deel aan hierdie betroubare belofte. Hoe groot ons ellende ook al is en al staan ons dikwels diep skuldig voor die Here, neem dit die oop deur van die gebed nie weg van ons nie. Inteendeel, dit is eers wanneer ons besef hoe afhanklik ons van God is, dat ons kan jubel in die genade van die Here. Ek bid eers wáárlík wanneer ek opreg uit my hart kan roep: *"Ontferm u oor my!"*

Sing: Psalm 46:1

Dr DJS Steyn (Benoni-Noord)